Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika

Standpunt oor MIV / Vigs

Die kerk van Jesus Christus moet erns maak met die MIV/vigs pandemie. As kerk het ons geen keuse nie. As ’n gemeenskap wat daarop aanspraak maak dat die grondslag van ons bestaan ontleen is aan die beginsels van die bediening van Jesus Christus, kan ons nie anders nie. In gehoorsaamheid aan ons Heer, die Hoof van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika (VGKSA), sal ons Hom volg waar Hy ons sal lei in die stryd teen MIV/vigs.

Die VGKSA erken

- dat die MIV/vigs pandemie ’n noodlottige impak op die lewe van duisende individue en gesinne in Suidelike Afrika en in die VGKSA het. Dink net aan die pyn, lyding, eensaamheid, verwerping en vooroordeel wat mense wat met MIV/vigs leef, moet verduur!
- dat MIV/vigs nie net iemand anders se probleem is nie
- dit is ook ons s’n;
- dat ons, die liggaam van Christus, ook met MIV/vigs leef.

Die VGKSA glo

- dat Christus gekom het sodat almal lewe in oorvloed mag hê;
- dat Christus sy kerk roep om die lig vir die wêreld en die sout van die aarde te wees;
- dat Christus sy kerk roep om ’n gemeenskap te wees wat omgee en wat medelye met ander betoon.

Die VGKSA bely

- dat ons nie altyd mense wat met MIV/vigs leef met die liefde en ondersteuning bygestaan het soos ons moes nie. Ons vra vergifnis vir ons gebrek aan liefde en begrip;
- dat die kerk wat aan God behoort, moet staan waar God staan .. by daardie mense met MIV/vigs, téén diskriminasie, verwerping en vooroordeel teenoor MIV/vigs lyers (Belydenis van Belhar).

Die VGKSA verklaar daarom dat hy ’n kerk is met deernis teenoor mense met MIV/vigs.

Die VGKSA doen ’n beroep op kerkleiers en gemeentes om

- in elke gemeente en instelling van die VGKSA ’n atmosfeer te skep wat bevorderlik is vir lidmate wat met MIV/vigs leef om vrylik en sonder vrees vir veroordeling hulle MIV status bekend te maak;
- hulleself te bemagtig om effektief en met deernis betrokke te raak by mense met MIV/vigs deur:
- openlik te praat oor die MIV/vigs pandemie;
- ondersteuningsgroepe en tuisversorging te skep;
- opleidingsessies oor MIV/vigs te reël, veral opleiding in berading;
- iets aan die kwessie van vigs weeskinders te doen;
- vrywillige MIV toetse aan te moedig;
- gereeld te bid vir mense met MIV/vigs en vir die wat daardeur geraak word;
- saam te werk met geskikte vennote in die stryd teen MIV/vigs.

As ’n voorkomingsmaatreël doen die VGKSA ’n beroep op kerkleiers en lidmate om

- hulle te weerhou van onverantwoordelike seksuele aktiwiteite;

- die Christetike beskouing van die huwelik te respekteer en seksueel getrou te bly aan hulle (huweliks)maats;
- veiliger seksuele praktyke te beoefen.

Die VGKSA gee aan alle mense met MIV/vigs die versekering dat ons hulle sal ondersteun en liefhê met 'n opregte Christelike deernis;

- berading sal aanbied;
- na hulle fisieke behoeftes sal omsien.

In die lig van sy standpunt oor MIV/vigs, is die VGKSA bewus van die feit dat die voorbeeld van Christus se sorgende en deernisvolle bediening ons oproep om te midde van die MlV/vigs pandemie te staan waar Hy staan:
by diegene met MIV/vigs.